**MAANDAG 11 MEI**

**SKRIFGEDEELTE: RIGTERS 6:1-16 (NAV)**
**FOKUSGEDEELTE: RIGTERS 6:14 (NAV)**

**Gideon – God is dié Een wat roep, toerus en stuur**

Die Here groet Gideon (krygsman) met die woorde: "*Die Here is by jou, dapper man!*", terwyl Gideon besig was om in 'n parskuip vir die Midianiete weg te kruip. 'n Mens kan Gideon seker nie kwalik neem nie, want die bedreiging deur die Midianiete was 'n wesenlike gevaar. God sien egter alreeds in die bang Gideon 'n man wat met groot dapperheid die volk van hulle vyande gaan verlos.

Vir Gideon het dit gevoel dat die Here hulle in die steek gelaat het en dat hyself onbekwaam was om sy opdrag uit te voer. Gideon moes egter leer dat sy roeping nie afgehang het van hoe hy voel of hoe dit rondom hom lyk nie, maar van God wat hom roep en toerus en stuur.

Die opdrag van Gideon was: "*Gaan met die krag wat jy het en gaan red die Israeliete uit die mag van die Midianiete!*" Die krag was nie Gideon se krag nie. Gideon se krag het moedeloosheid en wanhoop tot gevolg gehad. Die krag hier ter sprake is God se krag wat in menslike swakheid volbring word. In Hebreërs 11:34 word van Gideon vertel dat hy in swakheid krag ontvang het en in Rigters 6:14 word hy aangemoedig met die woorde: "*Toe, Ek stuur jou!*"

Die waarborg van die krag vir al die gestuurdes en vir hulle oorwinning lê daarin dat die Vader presies dieselfde gedoen het toe Hy sy Seun na hierdie wêreld toe gestuur het. Hy het sy sending volbring en ons ook daartoe verlos om as Geesvervulde gesante sy opdrag uit te voer.

Aan elkeen wat God roep en stuur, gee Hy ook 'n opdrag:
Vir Gideon was dit om die volk Israel van die Midianiete te verlos.
Vir sy Seun was dit om sondaars van die ewige dood te verlos.
Vir ons is dit om konings, priesters en profete in hierdie wêreld te wees om sodoende mense vir Christus te wen.

Dit is God wat roep en toerus en stuur, daarom kan en moet ons ook in dankbare gehoorsaamheid ons roeping vervul.

*Sing: Psalm 95:4 (1936)*
*Ds. P (Pierre) Cilliers (Daniëlskuil/Delportshoop/Duineveld)*